


Beste GRAAD 10's ….WELKOM…..

Maak jou gereed vir `n mees opwindende Afrikaans klas…

Maak jou gemaklik, sit rustig…en Asb maak vas jou gordel…en kom wees deel van `n ongelooflike leeservring wat jy nooit sal vergeet…




# Vaselinetjie
# Anoeschka Von Meck

Hildegard Daniels
NOS: Kurrikulumstudie Afrikaans

22 OKTOBER 2007
14409488



# Wie is die skrywer?





- Anoescka Von Meck die skrywer van *Annerkant die Longdrop* en *Vaselinetjie*, asook rubriekskrywer vir *Finesse*.
- Anoeschka von Meck (40), het onlangs haar loopbaan as senior joernalis by *Rapport* in Kaapstad vaarwel toegeroep het, woon tans in Calvinia se Boekehuis. Sy het besluit om weer vir 'n slag dinge te begin doen wat haar vrede gee. Dit sluit in grondpaaie ry, op klipkranse bid en in plaasdamme swem.
- *Vaselinetjie* is in sy 11de druk en pas in Engels vertaal.
- Vaselinetjie, daarenteen, is 'n lekkerlees-tienerroman. Anoeschka het vier jaar by die Herberg-kinderhuis op Robertson gewerk, en skryf dus uit eerstehandse ervaring.
- Die naam Vaselinetjie het Anoeschka raakgeloop toe sy op die Bolandse dorpie McGregor gewoon het en eendag op 'n boer se bakkie afgekom het waarom die honde die hele tyd gedraai het. By nadere ondersoek kom sy toe op 'n piepklein dogtertjie af wat sê haar naam is Vaselinetjie en sy ry saam met die boer tussen die landerye rond totdat hy dorp toe gaan en vir haar lekkers koop. Sy het toe reeds geweet dat sy hierdie naam weer eendag gaan gebruik.
- Die idee van die boek het ook sy oorsprong by 'n ware gebeurtenis: jare gelede is daar buite Swakopmund 'n pasgebore dogtertjie langs die treinspoor gevind waar sy vir dood gelos is. Weens haar toestand kon haar kultuurgroep nie bepaal word nie. Anoeschka het haar later self ontmoet - 'n bedorwe poppie wat almal om haar pinkie draai......!


# Wie is Vaselinetjie....



Vaselinetjie die verhaal van Helena Bosman – Vaselinetjie genoem omdat haar ouma haar skurwe bene altyd met vaseline uitgesmeer het...

Vaselinetjie neem jou deur haar lewe in `n kinderhuis waar sy en haar vriende hul lotgevalle meemaak

<u>M A A R</u>



Wees gewaarsku!!!!!!!!!

Vaselinetjie lees nie altyd "<u>sag</u>" op die oor nie........dit neem jou na `n soort werklikheid
Wat jy dalk nie aan gewoond is nie............

`n realiteit van spanning, drama, humor, liefde, teleurstelling, hartseer....

`n verhaal wat jou hele menswees sal aanraak

So....

maak gereed vir hierdie lekker en boeiende leesstof

Na dit....

sal jy beslis aNders voel.......



# Wie ontmoet ons in die boek…?



*Vaselinetjie*

*&*

*haar grootouers in Upington (Noord-Kaap)*

*haar kinderhuis maats (Gauteng)*

*`n Prostituut (Johannesburg)*

*Bendelede (Kaapstad)*

# Let op na die volgende:

- Soeke na identiteit
- Stereotipering
- Oorlewing
- Respek
- Verhoudings tussen karakters
- Verskillende waarde-sisteme
- Verwerping
- Liefde teenoor eensaamheid


# "nie die einde nie, maar die begin…"



- Aan die einde van ons lees sessie, gaan dink oor die volgende:
  - *Hoe het jy die boek ervaar?*
  - *Wat van die storie het jou emosioneel, geestelik aangeraak?*
  - *Wat was nie vir jou lekker van die boek nie?*
  - *Het die boek jou anders oor seker dinge laat dink – motiveer!*

# Wat maak ons met Vaselintje?

- Ons gaan Vaselinetjie stap vir stap bespreek, individueel en/in groepsverband
- Ons gaan lekker aktiwiteite saam doen met die fokus op oop besprekings
- Hier het julle die Vryheid om jou sê te sê...



KOM ONS LEES LEKKER SAAM

&

EN DAN GESELS ONS OOK LEKKER SAAM

OOR `N KOPPIE KOFFIE/TEE WATOOKAL!!!!!!!

# So Graad 10"s……

Van volgende week…bring vir Vaselinetjie saam klas toe
Moet nie vergeet nie, want glo my

*Jy sal nie die boek kan neersit of met iemand wil deel nie*

En



**Vir eers…**

Bly maar eers stil oor wat ons gaan lees…..

Sodat niemand, let wel, niemand

Ons eie Vaselinetjie van ons wegneem nie